# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30**

## Die vuur van God moet bly brand!

**Skriflesing:** Lev 6:8-13; Jer 20:7; 2 Tim 1:6
Lev 9:22-10:2

**Teksvers**:
Levitikus 6:13

**Sing**:
Ps 66:1,4,6
Ps 119:39
Sb 16-1:1-3
Ps 40:2,4
Sb 7-1:1,3
Ps 68:1,9
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond, Jacques Silvis
**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Prediker**:
Ds Maarten van Helden

Die psigologiese impak van die tweede Wêreldoorlog word vandag nog in akademiese en wetenskaplike kringe gebruik as verskoning vir baie sondes wat in ons wêreld heers. Die impak van wêreld se hantering van die Corona-virus gaan in die volgende dekades soortgelyk gevoel word.

Alhoewel ons te make het met 'n aggressiewe en hoogsaansteeklike virus met ernstige komplikasies, was by die sluiting van kerke en die beperking op ekonomieë waarskynlik die kool die sous dalk nie werd nie. Dit kan en mag dalk 'n geweldige invloed op die ywer van die godsdiens op baie kinders van die Here hê.

Dit skep ook die geleentheid aan die Bose, wat so 'n kans nooit verby sal laat glip nie, om die vuur van die geloof in mindere of meerdere mate te probeer blus nie. Ons teksvers waarsku vandag teen hierdie aanslag van futloosheid in die kerk van die Here in die algemeen. Laat ons ook nou alles in die stryd werp om in onsself en in ons gemeente die vuur van die Here weer aan te blaas!

**SONDAGAAND 18:00**

## Dien God met jou hele hart!

**Skriflesing:** Deut 6:1-25; 8:1-6; Matt 4:1-11

**Teksvers:** Deut 6: 4, 5

**HK**: Sondag 34

**Sing**:
Ps 107:1, 2, 3
Ps 119:50, 51, 59
Sb 2-2:1, 3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Orrelis**: Mariki Lessing

**Prediker**:
Ds Lourens Venter

Elke oggend as jy opstaan kyk jy eers in die spieël om te sien hoe jy uiterlik lyk voor jy die wêreld aandurf. Tog gebruik niemand van ons die spieël om teen ons gesig of hare te vryf om dit reg te maak nie... Die spieël gee jou 'n refleksie van die uiterlike werklikheid.

As ons soveel tyd en moeite spandeer voor 'n spieël vir ons uiterlike voorkoms, hoeveel te meer moet ons onsself rig op ons innerlike voorkoms. Die vraag is hoe? Die wet van God is die sielspieël... Dit gee 'n refleksie van die werklikheid van ons innerlike menswees.

Ons staan vanaand stil by die tema: *dien die Here met jou hele hart!* Amen




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45 Nr 36 27 September 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


*Na my huisbesoek by ondergetekende lidmate van wyk C08, waarin ons die Here gedank en geloof het vir sy genade en versorging, het ek vir Frikkie gevra om iets op skrif te stel.*

*Sy getuienis betreffende die liefdevolle ondersteuning van sy wyk en die res van die gemeente was opvallend en wil ek graag as aanmoediging vir die res van die gemeente hier deel.*

*(Ds Maarten)*

*2 Kor 12:26 "As een lid ly, ly al die lede saam;*
*en as een lid geëer word, is al die lede saam bly."*

## So is ek gedra in my stryd met Covid-19

(Aug 2020)

Die lyfseer, kortasem en hoofpyn, so tiperend, was my voorland, en die toets het dit wat ek instinktief geweet het, bevestig. Koud en klinies was die dokter se opdrag: jy word opgeneem.

Dit was 'n skok ja, maar ons weet ons hulp is van die HERE, ons sal geen onheil vrees nie. Uit Sy hand ontvang ons dag-vir-dag die goeie, maar ook die onvermydelike van hierdie lewe, laat Hy toe om ons te louter en te suiwer vir Sy Koninkryk.

Die dae in die hospitaal was uiters lank en onpersoonlik, maar ek volg instruksies getrou. Maar ure se moedeloosheid oor die onmagtigheid wat my soms soos 'n kombers wou versmoor, het my elke keer opnuut laat soek na God en het Hy my versterk op sy tyd.

Toe ek uiteindelik weer kon kommunikeer bring die selfoon talle boodskappe en oproepe, 'n inspirasie wat toe só nodig was. Baie belangrik was die persoonlike oproepe van ons leraars. Woorde van bemoediging en ook die wete dat hulle omgee vir ons was meer as goud werd .

Baie dankie aan al die lede van ons wyk se whattsapp-groep wat ons ondersteun het en ook vir ons gebid het. Aan al die gemeentelede wat vir ons gebid het, baie dankie vir julle en dat julle vir almal wat dit nodig het, bid. Dankie vir die blomme en kos wat aangedra is!

Aan my wederhelfte van 49 jaar, baie dankie ook vir jou gebede en versorging toe ek kon huis toe kom.

Die belangrikste van alles en almal is GOD ons Hemelse Vader wat ons elke dag bestuur en dat Sy Heilige Gees ons lei en bewaar. Aan U, ons Vader, al die eer, die lof, die dank en die aanbidding.

Frikkie (en Poppie Brits) Wyk C08

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

| | |
|---|---|
| Telefoon: 012 664 2614 | Basdenlaan 226 |
| Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za | Lyttelton<br>0140 |

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608




## GTA beplanning 2020

Soos baie ander goed die jaar kon ons nie die beplande tiener aksies Sondagaande na kerk hou nie en onder die huidige omstandighede is dit steeds moeilik.

Die bestuur het besluit op 3 groter aksies Vrydae, 17:00 tot 19:00, by die jeughuis. Ons nooi al die tieners van Gr 7 - 11 uit om saam te kom kuier:

- 2 Okt—Skemer-kaperjolle
- 16 Okt—Soettandaand
- 30 Okt tot 1 Nov—Staptoer
- 4 Des—Tienersafsluiting by ds Lourens se huis.

## *Grendel-Winkel*

**2 Oktober**

| | |
|---|---|
| Vetkoek en maalvleis | R25 |
| Hoederpastei of lasagne | R40 |
| **Konfyt (500g)** | |
| Appelkoos/perskesnippers/fyn vye/arbei | R50 |
| **Beskuit (500g)** keuse: | |
| Growwe/all bran/karringmelk | R50 |
| **Koekies**(500g) Choc chip/gemmer/vla/ kondensmelk/koffie | R50 |
| **Droë vrugte** (500g tensy anders vermeld) | |
| Ongeskilde perskes | R45 |
| Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 |
| Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 |
| Gemengde vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 |
| Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 |
| Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 |
| Appelkose | R45 |
| **Pekanneute** 200g pak R70 | 400g R120 |

**Bestellings sluit 30 September, 12:00**
Plaas bestellings by Liana 071 600 0368
Bestellings kan **2 Okt** tussen **16:00 en 17:00** by kerk opgetel word

# Laerskoolkinders

## Soek die volgende woorde en kleur dit in:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Moses | Aaron | Priester | Brandoffer | Vuur |
| Altaar | Linnekleed | Hout | Meel | Olie |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | E | W | I | P | A | B | N | X | M | N | Q | Y | O | P |
| W | A | R | Y | O | A | A | R | O | N | V | B | M | I | L |
| S | L | T | I | O | R | V | N | M | T | R | E | S | F | O |
| P | T | O | K | M | O | S | E | S | J | K | L | R | V | Y |
| T | A | N | M | U | T | E | S | B | M | N | P | T | U | T |
| H | A | I | M | E | W | T | R | B | N | Y | R | O | P | R |
| E | R | Y | R | E | M | T | Y | E | S | N | I | M | K | L |
| R | T | U | L | I | N | N | E | K | L | E | E | D | O | P |
| Y | U | R | W | T | S | A | N | K | E | L | S | P | O | B |
| J | K | E | L | U | I | K | M | Y | N | T | T | D | E | M |
| K | V | U | U | R | D | E | M | W | A | D | E | K | R | E |
| L | O | P | Y | G | H | F | J | L | U | T | R | N | M | T |
| Y | R | G | N | M | E | E | L | U | R | W | P | A | V | N |
| M | N | T | R | D | S | T | W | E | P | O | N | B | M | V |
| O | D | E | B | R | A | N | D | O | F | F | E | R | M | C |
| L | S | B | N | G | H | J | U | T | R | W | A | S | D | G |
| I | H | Y | T | E | O | H | O | U | T | P | O | K | L | E |
| E | T | E | C | B | M | O | K | P | L | S | A | T | V | U |



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- *Hennie Lee ontvang behandeling in Pretoria-Oos hospitaal* (A9—072 536 4525).
- *Elize Impey sterk tuis aan na 'n operasie (nuwe lidmaat).*

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

- ♥ Theodore en Jean Marie Westervelt met die doop van Noah vanoggend.
- ♥ Leon Whitlock en Erika de Bruin is gister in die huwelik bevestig.

## *Katkisasie*

Volgende week: Les 20, Ps 9:1

Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo AO

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

**OPROEP TOT VEROOTMOEDIGING EN GEBED OP DV 4 OKTOBER 2020, VOLGENS KO Art. 66**
***CALL TO HUMILIATION AND PRAYER ON DV 4 OCTOBER 2020, ACCORDING TO CO Art. 66***

| | |
|---|---|
| Die Klassis Potchefstroom roep al die kerke in die GKSA op tot 'n dag van verootmoediging en gebed volgens artikel 66 Kerkorde op 4 Oktober 2020. | *The Classis Potchefstroom calls all churches in the GKSA to a day of humiliation and prayer according to CO Art 66 on 4 October 2020.* |
| Ons is dankbaar vir die verligting wat ingetree het met betrekking tot die uiters streng inperkingsregulasies. Tog voel die kerke steeds die druk, nood en dringende behoefte om weer in die volle gemeenskap van die heiliges te funksioneer. | *We are thankful for the relief regarding the extremely strict lockdown regulations. Yet, the churches still feel the pressure, need and urgent necessity to function in the full community of the saints.* |
| **Ons versoek dat:** | ***We request that:*** |
| 1 Elkeen selfondersoek doen en verootmoedig voor die Here. | *1. Everyone do self examination and abasement before the Lord.* |
| 2 Elkeen die koningsheerskappy van Christus sal erken en nie die uitkoms by mense soek nie. | *2. Everyone admit the majestic rule of Christ and not seek the outcome from people.* |
| 3 Ons voorbidding doen vir die owerheid in hierdie belangrike saak. om in verantwoordelikheid voor God op te tree. | *3. We do intercession for the authorities in this important matter to act responsibly before God.* |
| 4 Ons voorbidding doen vir 'n goeie reënseisoen, sodat daar genoeg kos en werk sal wees vir alle mense in die land. | *4. We do intercession for a good rainy season, so that there can be enough food and work for all the people in the country.* |
| 5. Die kerk in gehoorsaamheid aan God, ons lig in besonder sal uitstraal in hierdie tyd met liefde en omgee vir alle mense en in besonder vir die mense in nood, sodat die triomf van die evangelie eindeloos sal wees. | *5. The church in obedience to God shine our light particulary in this time with love and empathy for everyone especially for people in need, so that the triumph of the gospel can be without end.* |
| 6. Die kerke die Here dank vir die bewaring wat die kerk grootliks ontvang het en die seëning van 'n hoë herstelpersentasie onder mense wat die virus opgedoen het. | *6. The churches thank the Lord for his protection against the virus in large part and also the blessing of a high recovery rate amongst people that contracted the virus.* |
| Hierdie oproep word nie uitgebring in stryd met enige van die bestaande regulasies rakende samekomste nie. | *This call is not brought out in contravention of the existing regulations regarding gatherings.* |



# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27-Sep | Wim | Prinsloo | C13 | 27825702036 |
| | Annemie | van Rooy | C04 | 27828205856 |
| | Albert | Venter | A03 | 27728445325 |
| 29-Sep | Gerhard | du Plessis | A14 | 654 1437 |
| | Magdaleen | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| | Jeanette | Potgieter | B19 | 27827722615 |
| | Piet | Riekert | A13 | 27836014912 |
| | Elize | Stavast | B16 | 27829220122 |
| 30-Sep | Hannelie | Grobler | B18 | 27765659827 |
| | Angelique | Jv Rensburg | A04 | 27824920545 |
| | Magda | Venter | B10 | 27847754700 |
| | Willie | Zaayman | C10 | 27793877357 |
| 1 Okt | Pieter | Smit | B13 | 27826701834 |
| | Elma | Smith | A10 | 27836986793 |
| | Leandre | Struwig | C13 | 27727753322 |
| | Marie | vd Walt | A07 | 27827219813 |
| 2 Okt | Le-Juan | Delport | B17 | 27722481474 |
| | Mias | Smit | B19 | 27722383696 |
| 3 Okt | Ernest | Bornman | E01 | 27820632564 |
| | Cobus | de la Porte | A12 | 27823798533 |
| | Izak | Erasmus | B09 | 27722335205 |
| | Wouter | Grönum | B16 | 27827747476 |
| | Elize | Kruger | B16 | 27824032016 |
| | Marius | Zwemstra | A12 | 27784232928 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27-Sep | Herman | Delport | B17 | 27722481474 |
| | Michell | Wakeford | C07 | 27824500923 |
| 1 Okt | Stefanus | van Staden | A15 | 27842510138 |
| | Ruzell | Vorster | A16 | 27767781162 |
| 3 Okt | Paul | Coelho | C07 | 27823318622 |

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om **08:00** en **09:30**. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om **18:00**.

Die kantoor sal op Maandae die betrokke lidmate per sms, per gesin, uitnooi om die erediens te kom bywoon. Dit stel alle belanghebbendes in staat om toe te sien dat die nodige registers en regulasies opgestel en nagekom word.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| **27-Sep** | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A09 tot A12 | A13 tot A16 |
| B11 tot B14 | B15 tot B19 |
| C09 tot C12 | C13 tot C15 |

| **4 Okt** | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A04 | A05 tot A08 |
| B01 tot B05 | B06 tot B10 |
| C01 tot C05 | C05 tot C08 |

**Senior Aksie**
**5 Oktober 2020 om 10:00**

Ds Lourens Venter kom saam met ons kuier

**Al die seniors word uitgenooi!!**